REEKS: VERSPREI GOD SE LIEFDE
INLEIDING, 8 AUGUSTUS 2006
DS FREDDIE SCHOEMAN

Ons begin vandag met 'n nuwe reeks met die tema: *Versprei God se liefde.* In die eerste kwartaal het ons gefokus op ons verhouding met God, die tweede kwartaal op ons verhouding met mekaar. In die derde kwartaal fokus ons op ons verhouding met ander.

Ek lees nou die dag in 'n boek 'n stelling wat my tussen die oë getref het: "Die evangelie van Jesus Christus is goeie nuus, veral vir diegene wat *nie* glo nie." Hoekom? Dink so daaraan: dissipels van Jesus Christus het die taak en die roeping om God se liefde versprei. Ons het die taak om die wêreld waarin ons woon 'n beter plek te maak - om mense - maak nie saak wat hulle glo nie - se lewens beter te maak; om waarde toe te voeg tot mense se lewens; om orals waar ons gaan God se liefde uit te straal.

Tot wie se voordeel is dit as gelowiges dit regtig begin doen? Dis tot voordeel van mense wat nie glo nie.

Die volgende vyf weke gaan ons kyk na vyf maniere waarop ons God se liefde kan versprei.

Die eerste manier is om mense die verhaal van God se liefde te *vertel.* Ons doen deur woord, maar veral deur dade. Ons vertel mense van God se liefde deur dit in die vorm van konkrete liefdesdade aan hulle te vertoon. Dis ons eerste taak: om die verhaal van God se liefde op so 'n manier deur woorde en daad te vertel dat ander mense dit kan hoor én sien én ervaar.

Ons moet die op so 'n manier doen dat ons 'n verskil maak in ons omgewing. Die toetsvraag is dit: sou ons gemeente om een of ander rede ophou bestaan, gaan ander mense dit agterkom? Is ons besig om die verhaal so te vertel in woord en daad dat dit 'n verskil maak in die lewe van mense om ons - soveel so dat hulle 'n ontsettende gemis sal ervaar wanneer ons ophou om dit te doen of wanneer ons ophou bestaan?

Die tweede manier waarop ons God se liefde versprei is deur ander te *verwelkom*. Ons moet 'n gemeente wees waar almal tuis voel. Ons moet nie 'n *eksklusiewe* klub vir ingewydes wees nie maar 'n *inklusiewe* liefdesgemeenskap waar mense van buite onmiddellik in ons midde tuis voel.

Dit gebeur te veel dat mense veroordeel voel in die teenwoordigheid van Christene. Baie mense voel dat Christene op hulle neersien en of Christene dink hulle is beter as ander. Dit moet nooit gebeur nie. Soos wat sondaars en tollenaars tuis was by Jesus, so moet almal tuis voel in ons gemeente.

Die derde manier waarop ons God se liefde versprei is deur die skanse van die vyand te *verbrokkel* deur voorbidding of intersessie. Die mense van hierdie wêreld is vasgevang in die greep van die bose. Die vernaamste wapen wat ons het om hierdie greep te verswak of af te breek, is voorbidding en intersessie.

Die vierde manier waarop ons God se liefde versprei is deur sout-wees en ligwees hierdie wêreld waarin ons leef te *verbeter*; om hierdie wêreld waarop ons geplaas is 'n beter plek te maak vir almal om in te leef.

Soos wat sout smaak gee en bederfwerend inwerk, so moet ons smaak gee aan hierdie wêreld - op al die terreine waar ons kom: by die werk, op / langs die sportveld, tussen ons vriende, by die klubs / verenigings waar ons betrokke is - orals waar ons kom.

Ons moet God se liefde laat skyn op so 'n manier dat wanneer ander mense ons goeie dade sien hulle die eer aan die Vader sal gee. (Matt 5:13-16).

Die vyfde manier waarop ons God se liefde versprei is deur ons eie, unieke lewensroeping te *verwesenlik*. God plant 'n stukke van sy droom in elke gelowige se hart. In elkeen van ons se harte plant Hy 'n ánder stukkie. Ons moet die stukkie van sy droom wat Hy in ons hart geplant het verwesenlik. Hy het ons gemaak om ons lewe te wy aan dié goeie dade waarvoor Hy ons bestem het (Ef 2:10).

Elkeen van ons is 'n gestuurde, 'n sendeling, iemand wat God uitstuur in hierdie wêreld in. Ons moet iets doen om die nood waarin die mense verkeer, te verlig. Daar is baie vorms van nood:

- ☐ Geestelike nood - mense leef buite God se liefde (ons ander se hande *versterk*)
- ☐ Mense wat ronddwaal soos skape wat nie 'n herder het nie (Rig leiers - 5 soorte - op)
- ☐ Mense wat in armoede leef (einde maak aan armoede)
- ☐ Mense wat in die greep van siekte is (deernis met siekes)

☐ Mense wat nie kan lees en skryf nie (elimineer ongeletterheid)